**Titel:** **Vreugdevolle Genade**

**Pastor:** **Fred May**

**Datum:** **14 March 2010**

**Tyd:** **08:30**

shofar

**a:** **Die risiko-faktor**

Onvoorwaardelike toewyding, liefde en diens

**Romeine 5:2, 8 NV**

[2] Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God.

[8] Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

**b:** **Staan in, verbly in**

Behou die regte perspektief op die lewe

**Filippense 4:4 NV**

[4] Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!

Streef daarna om "Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind" – ten alle koste! (Filippense 3:10).

**c:** **Feesvier – die triomf van genade**

1. **Jesus: vriend van sondaars** - skelm politici, oneerlike sakemanne, immorele vroue…

**Lukas 15:1 NV**

[1] Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister.

**Lukas 7:34 NV**

[34] Die Seun van die mens het gekom, geëet en gedrink, en julle sê: 'Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars.'

2. **Vinnig om te vier**

**Lukas 15:22 NV**

[22] Maar sy pa roep sy werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan!'

- stadig om te korrigeer, tereg te wys, te oordeel, 'konstruktiewe kritiek' te gee
- vinnig om te herstel: d.i. glo, vertrou, ontvang
- stadig om te veroordeel, te straf of uit te sluit

3. **God se vreugde**

**Lukas 10:1, 17, 21 NV**

[1] Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan.

[17] Die twee en sewentig het vol blydskap teruggekom en gesê: "Here, selfs die bose geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam."

[21] By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel: "Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling.

**Sefanja 3:17 NV**
[17] Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.

**d: Die hemele – reageer op feesviering**

**Judas 24 NV**
[24] Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou...

**Lukas 15:7, 10 NV**
[7] Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.
[10] Ek sê vir julle: Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

- **Vriendskap**

**Lukas 15:1, 6, 9 NV**
[1] Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister.
[6] As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer gekry
[9] En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: 'Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.'

- **Herstel**

**Lukas 15:8-10 NV**
[8] Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? [9] En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: 'Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.' [10] Ek sê vir julle: Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."

- **Openbaring**

**Lukas 15:17 NV**
[17] Toe kom hy tot inkeer en sê: 'My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger.'

**e: Godsdiens en die wet sluit hulself uit**

**Woede verwerp feesviering**

**Lukas 15:28-29 NV**
[28] Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; [29] maar hy antwoord: 'Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie.'

**Blindheid vir genade lei tot lyding & pyn**

**Lukas 15:31NV**
[31] Toe sê die pa vir hom: Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune.

**Nehemia 8:11 OV**
[10] Verder het hy vir hulle gesê: Gaan, eet lekker spys en drink soet dranke en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is heilig aan onse Here. Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.